# BOEKBESPREKING.

B. C. Schutte: **Die Natuur: „Ons Bondgenoot en Vyand."** („Ons Gesinsbiblioteek" No. 4); Pro Rege-Pers Beperk, Kerkstraat 59, Potchefstroom, 1953; p.p. 77; 5/6 posvry.

Dr. B. C. Schutte en Pro Rege-Pers word hartlik gelukgewens met hierdie waardevolle bydrae tot „Ons Gesinsbiblioteek." Omdat die boekie gebaseer is op die Woord van God, kan almal dit lees ter wille van die kennis, insig en visie. Dit gee veral koers en lewensrigting aan diegene wat worstel met 'n skommelende lewens- en wêreldbeskouing; daarom behoort dit 'n wye afsetgebied te hê.

Die inhoud van die boek is die vrug van 'n goedgefundeerde, weldeurdagte lewens- en wêreldbeskouing met die eer van God as kern. **Hoe verder ons lees hoe groter word die Alwyse Skepper en Onderhouer van alles en hoe kleiner die mens.**

Die boekie is ook bedoel vir diegene in hierdie eeu van natuurwetenskap en tegniek wat bewus of onbewus iets van die skepping verabsoluteer, soos die mens self,

of die natuur—dink maar aan die baie ismes.

Omdat God Hom ook in die natuur openbaar (Ps. 19) is daar geen verbode terrein vir die gelowige natuurvorser nie. Sy taak (Ps. 8) moet beskou word as 'n Godgegewe en geïnspireerde en die resultaat van sy vorsing as godverheerlikend.

Die skrywer probeer vervolgens op heel interessante wyse aantoon hoe die mens, op sy soektog na krag, stoom, steenkool, olie verbygesteek het en by die klowing van die atoom met sy ontsaglike energievrysetting uitgekom het. Hy konstateer dat wat die Skepper dus een maal geskape het deur niks en niemand ooit in absolute sin vernietig kan word nie. Ook kan niemand ooit iets skep nie.

Verder word aangetoon hoe die natuur ons bondgenoot is in die eeue-oue worsteling en hoe ver die beskawing dit vandag gebring het—'n onmiskenbare bewys van God se genade en liefde, Sy besondere en algemene genade.

Maar in ons stryd is die vloek, „ook sal dit dorings en distels voortbring," eweneens bewaarheid. Niks hou stand nie. In die skynbare sukses wat die mens behaal lê dikwels reeds die kiem van mislukking. Stel maar die waarde van radium teenoor sy gevaarlike radio-aktiewe strale.

Vir die gelowige is die kringlope in die heelal geen eindelose eentonigheid nie maar planmatigheid en wetmatigheid.

Ons Skepper is ook die Herskepper, nie alleen van die harte van Sy uitverkorenes nie maar orals en altyd, om die tyd ryp te maak vir Sy wederkoms en die nuwe Jerusalem.

Ten slotte word die evolusieteorie op treffende wyse geloënstraf. Daar is kragtige bewyse dat die feite van die natuurwetenskap nie die Skrif weerspreek nie maar juis verklaar. Hoe troosteloos tog is die toekomswagtinge van die ongeloof. Wat is erger as godverlatenheid?

Plaas hierteenoor die heerlike beloftes aan Sy gelowiges: vergewing van sondes, opstanding van die vlees en, 'n ewige lewe!

H. A. ROETS.

* * *

**Suid-Afrikaanse Argiefstukke Oranje-Vrystaat No. 2:** Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle Bylae daarby). Deel II (1856-1857). Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur W. B. van der Vyver, M.A. onder leiding en met medewerking van J. H. Breytenbach, M.A., D.Phil. Die Staatsdrukker (1953), 579 bll. (Geen prys vermeld nie. Gewoonlik £2-2-0).

As iemand wat gedurende die afgelope twee jaar die verskillende publikasies van die Volksraadsnotule van die Z.A.R." tot 1863 („Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, nos. 1-4) en dié van die O.V.S. (Ibid., O.V.S., no. 1) intensief deurgewerk het, kan ek getuig van die besondere waarde wat hierdie publikasies vir die navorser besit. Daarom word 'n dubbele welkom aan die hierbo genoemde tweede deel van die Volksraadsnotule van die Republiek van die Oranje-Vrystaat toegeroep.

In hierdie werk word die notule van die gewone jaarlikse sitting sowel as die van 'n buitengewone sitting van die Volksraad van die O.V.S. in elk van die jare 1856 en 1857 vir die navorser beskikbaar gestel. Die teks van die notules word deurgaans in voetnote deur hoogstaande en volledige kritiese opmerkings toegelig. Wat die werk soveel waardevoller maak en waardeur vir die navorser 'n geweldige verlies van tyd uitgeskakel word, is die toevoeging aan die notule van al die bylae wat op die betrokke notule betrekking het. Deur die verwysings, in voetnote, by die notule na hierdie bylae, word navorsing nog meer vergemaklik.

Die Departement van Onderwys, Wetenskap en Kuns verdien 'n word van hartlike dank vir sy optrede, waardeur die publikasie van ons argiefstukke moontlik gemaak word Hierdie stukke—die „geheue van die volk," soos dr. Beyers dit in 'n toespraak tydens sy aftrede as hoofargivaris van die Unie genoem het—was nog altyd vir slegs 'n klein groepie mense toeganklik, maar nou kan dit ook in veel breër kring gelees word. Mens sou graag wou sien dat die publikasie daarvan veel vinniger geskied.

Die moeilikhede in verband met die afskrywe, toeligting, kritiese behandeling en persklaarmaking van argiefstukke kan alleen besef word deur iemand wat persoonlik in die Argief navorsing gedoen het. Van hierdie uiters moeilike taak het mnr. Van der Vyver (assistent-argivaris in Bloemfontein) hom op meesterlike wyse gekwyt. Die feit dat dit onder leiding van dr. Breytenbach (argivaris vir publikasies) geskied het, is al genoegsame aanbeveling aan die persoon wat die boek ter hand neem dat hy hier met 'n besonder hoogstaande werk te doen het. Aan hierdie twee here kom 'n woord van waardering toe—ook van my persoonlik.

Deur die publikasie van hierdie en ander argiefstukke behoort ook die onderwys van Geskiedenis op skool veel te baat. In die verlede het die onderwysers, met enkele uitsonderinge, oor die algemeen feitlik geen toegang tot die oorspronklike dokumente gehad nie. Nou word elke onderwyser egter in staat gestel om met min koste, in vergelyking met die besondere waarde van die publikasies, die Argief tot binne in sy studeerkamer te bring en ryklik te put uit die skatte wat daarin byeengebring is. Mag die geleentheid gretig met albei hande aangegryp word.

J. S. DU PLESSIS.

Nienaber, P. J. **Bibliografie van Afrikaanse Boeke.** (Nov. 1948—Okt. 1953). Deel 3. 1954 63/-, 359 bll. )Verkrygbaar by die Skrywer, Kafueweg 24, Emmarentia, Johannesburg.)

Dr. Nienaber het met hierdie werk, en met so baie ander, 'n diens aan studerende Suid-Afrika bewys wat nooit ten volle gewaardeer kan word nie. Daar is in die eerste plek min mense wat besef watter ontsaglike arbeid, tyd en kennis aan die samestelling van 'n Bibliografie ten grondslag lê. En daar is in die tweede plek nie altyd genoeg kennis van die onskatbare waarde van so 'n werk nie. Inderdaad, geen Afrikaanse navorser kan sonder die Bibliografie 'n Suid-Afrikaanse wetenskaplike geskrif saamstel nie. Dr. Nienaber het die delfwerk vir ons almal gedoen. Kan ons hom genoegsaam dank en waardeer!

Die werk is pragtig gedruk en gebind. Die opset van die werk is met een woord skitterend. Dit neem 'n mens geen minuut om enige boek te vind nie.

Die skrywer gee ons alles wat nodig is om te weet. Sy afkortings, wyse van rangskiking, lys van uitgawes, adreslys van skrywers, gestorwe skrywers. En dan volg die eintlike Bibliografie. Ook dit is bewonderswaardig ingerig. Skrywerslys, Titellys, Onderwerplys en Kronologiese Lys van Letterkundige werke! Wat wil 'n mens meer hê! En dan kry 'n mens nog ekstra by: Inhoudsopgawe van die Onderwerplys.

Hier is een van hierdie werklik onmisbare boeke! Besit dit!

J. CHR. COETZEE.

* * *

W. M. Ramsay: **The Bearing of Recent Discovery on the Trustworthiness of the New Testament.** Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1953, 427 bladsye, prys 4.50 dollar.

Dit gaan in hierdie werk eintlik oor die betekenis van die geskrifte van Lukas,

sy Evangelie en Handelinge, en van Lukas self as geskiedskrywer. Dit het die lig gesien in die eerste jaar van die eerste wêreldoorlog en is deur die skrywer, sir William Ramsay, bedoel as die uitdrukking van sy laaste wil en testament. Dit is dan ook meer as 'n aanbieding en saaklike waardering van feite. Dit is 'n getuienis. Die getuienis van iemand wat 'n volgeling was van Baur en 'n bewonderaar van Wellhausen, en deur die ontdekkings waaraan hy self 'n leidende aandeel gehad het, gebring is tot die geloof in die Skrif. Hierdeur word die volgorde van behandeling bepaal. Die stof is gegroepeer om twee ontdekkings, die een betref die ligging van Ikonium (Hand. 14:6), die ander die beskrywing onder Cirenius waarna Lukas verwys in sy geboorteberig (Luk. 2:1-2). Die eerste is 'n klein topografiese besonderheid. Maar dit is dan ook die groot betekenis van die twee ontdekte grafskrifte wat teen die gevestigde mening in, die oortuigende bewys gelewer het dat Ikonium 'n Frigiese stad was soos Lukas in Hand. 14:6 onderstel. Dit toon die betroubaarheid van Lukas tot in die kleinste. Voortgaande ontdekkings het tot nog toe niks anders gedoen nie as om dit telkens by vernuwing te kom bevestig. Die skrywer is egter versigtig vir oorskatting van die betekenis van die ontdekkings. Historiese ondersoek kan nie die plek van die geloof inneem nie. Die ontdekkings het slegs kom bevestig wat uit Handelinge self blyk. „The reader, if he reads the narrative, can see with the eyes and hear with the ears of a man who was there". Dit word in besonderhede aangetoon aan die hand van gedeeltes uit Hand. 13-21. Hierdie ondersoeking behoort ongetwyfeld tot die mees waardevolle van die boek. Op grond van hierdie inwendige getuienis, bevestig deur die uitwendige, moet Hand. beskou word as 'n bron van die eerste rang. 'n Historiese bron ook van die hoogste waarde afgesien nog van die „geloofswaarhede" wat dit bevat. As geskiedskrywer kan Lukas, nie alleen op grond van betroubare mededeling van feite nie maar veral vanweë sy fyn historiese sin, alleen maar op een lyn gestel word met die grootste geskiedskrywers van die wêreld. Die laaste word aangetoon in aansluiting aan die ontdekkings in verband met Luk. 2:1-2. „Nowhere in the whole range of historical study has there ever been such a complete revolution of opinion as in respect of this statement . . . . ." Eers sou Lukas in alle besonderhede verkeerd wees. Deur die opgrawings in Egipte en Sirië (Antiochië) is Lukas tans in die gelyk gestel op elke punt in verband met die beskrywing. Vir 'n tydperk wat mank gaan aan groot skaarste van bronne het die historikus nou 'n bron van die allergrootste belang. Lukas alleen van sy tydgenote het 'n oog gehad vir die burokratiese stelsel van die imperiale regering en die ontstaan daarvan; 'n stelsel wat gekom het om die eeue te beheers. In enkele trekke word hier ook saamgebring die twee magte wat die geskiedenis sou beheers tot die einde toe: Christus en Augustus, Christelike vryheid en Imperiale slawerny. Lukas oorsien nie alleen die geskiedenis nie maar sien ook in die wese van die geskiedenis. Dit is: Godsregering en vervulling van Profesie. In die Vierde Ekloog het ons 'n resultaat van die bevrugting van die Weste deur die Ooste, daarin dat die Verlosser van die wêreld ook hier besing word in 'n Kind. Agter die Ekloog moet nie alleen die Joodse waarsêery, soos vervat in die Sibyllynse orakels, gesien word nie, maar die profesie van Jesaja, soos ook blyk uit die vorm van hierdie digwerk van Vergilius. Met die Verlossingsgedagte staan Lukas aan die kant van die oudheid teen die moderne evolusionistiese geskiedbeskouing. Watter is die regte? Die ruïnes van ondergegane beskawings skyn stem van die profesie te bevestig.

As iemand wat vroeër in dieselfde kamp verkeer het en kennis dra van sake lê die skrywer die kritiek bloot in sy vooringenomenheid, sy stompsinnigheid, sy kwaadwilligheid: Die geboorteverhaal van Lukas kan nie waar wees nie, omdat dit nie op feite berus nie..... Die verhaal van Lukas rus op feite, daarom is dit legende. In een van die mees karakteristieke trekke van Lukas, verandering van taal in verskillende situasie, word 'n bewys gesien van latere komposisie (E. Norden). Verder: die triomfantelike vreugde oor elke sgn. onnoukeurigheid van Lukas. Wat is die oorsaak? Dit is weiering om die bonatuurlike in die geskiedenis te erken. Die gewone historisi word hierin oortef deur die kritiese teoloë.

'n Belangrike gesigspunt word geopen op die wonder. Gewoonlik sord dit filosofies of teologies benader. Hier is 'n historiese benadering. By die wonderlike verlossing in Hand. 12 heet dit: „It would be difficult to find any narrative better authenticated or related amid circumstances which exclude more absolutely the supposition either of falsification or the growth of legend". Dit bewys wel nie die historisiteit van die wonder nie, maar stel die ontkenner voor 'n historiese probleem.

Te meer voel mens jammer as Ramsay tog weer 'n historiese of psigologiese verklaring aan die wonder probeer gee en daarmee terugval agter die idealisties-simboliese tot die meer verouderde rasionalistiese verklaringwsyse. Die skrywer het te sterk onder die Oosterse gesigspunt gekom. Die verskil tussen wat Oosters en wat Christelik is, is nie altyd duidelik nie. So bv. ook wanneer die leer van Paulus gesien word as „completion" en „culmination" van die filosofie en ervaring van die Grieks-Romeinse wêreld, en die „vryheid" in Galate gesien word vanuit die die Romeins-imperialistiese in pleks van die Joodswettiese teëstelling.

Nietemin het ons hier 'n groot boek, waarin klein en groot verbind word tot 'n eenheid en waarin dit van die kleinste besonderheid, 'n opgegrawe epitaaf of 'n stuk standbeeld kom tot historiese vergesigte en tot insigte in die verband tussen godsdiens m.n. die Christelike en geskiedenis. Die uitgewers verdien dank dat hulle hierdie werk weer beskikbaar gestel het. Dit is 'n keurige uitgawe.

W. J. SNYMAN.

* * *

Horatius Bonar: **Fifty-two Sermons**; Baker Book House, Grand Rapids, Michigan; 1954, 464 bll.; 4.50 dollars.

Horatius Bonar (1808-1889) was een van die uitstaande predikers van die "Free Church of Scotland" in die vorige eeu en in die onderhawige boek besit ons 'n versameling van 'n aantal van sy preke. Die preke getuig deurgaans van 'n ryp teologiese skoling, van 'n imponerende kanselwelsprekendheid en van 'n besonder pakkende en beeldryke styl. Hulle is fris, behoudend en adem 'n regsinnige gees. Tog dien daarop gewys te word dat dit onmiskenbaar die spore dra van die homeletiese siening van die vorige eeu. Die filosofiese beredenering is soms steurend en dit vertoon soms meer die karakter van dosering van teologiese waarhede as verkondiging van die lewende Woord. Die eksekese van die teks in behandeling kom nie altyd tot sy reg nie, terwyl die toepassing meer as eens selfs hoofsaak is.

Die boek is nietemin aanbevelenswaardig omdat die skrywer 'n oop oog gehad het vir die problematiek van sy tyd wat tot 'n groot mate ook in ons eeu nog dieselfde is. Die bestudering van die preke kan sekerlik stimulerend werk vir studente en predikante.

S.C.W.D.

J. R. Miller, D. D.: **Die Les van die Liefde**; uit Engels vertaal deur Timo Kriel; Die C.S.V. Mpy. van S.A., Stellenbosch; 1954; 254 bll.; 9/9.

In hierdie boekie word op eenvoudige illustratiewe maar aanvegbare wyse gehandel oor verskillende aspekte van die alledaagse lewe van die Christen. Van die stelling word uitgegaan: „Christelike liefde moet aangeleer word" en dan word in 'n aantal hoofstukke op 'n groot variasie van morele verpligtinge gewys soos vriendelikheid, onselfsugtigheid, sagmoedigheid, lieflikheid, vrede, vergenoegdheid, vergewendgesindheid, berusting in lyding, selfverloëning, getrouheid, vriendskap, gehoorsaamheid, ens.

Hierdie pligpleginge word dan beskou as dinge wat alles met nougesette oefening aangeleer kan word, hoofsaaklik na analogie van die lewe van Jesus Christus op aarde.

Die taak rus op die mens om „in hierdie wêreld die werk vooort te sit wat Christus begin het . . . Christus het Homself van ons afhanklik gestel" (p.165).

In hierdie boekie word die transendente wortel van die liefde, nl. dat die Heilige Gees alleen die liefde van Christus in ons harte kan uitstort, oor die hoof gesien. Waar nog gewys word op die liefde van Christus, staan voorop die voorbeeld van Jesus na sy menslike natuur en nie die versoenende en borgtogtelike karakter van sy allesopofferende liefde tot in die dood nie. Van die liefde en voortreflike „gesindheid" van Jesus word ook deurgaans gepraat in die perfektum—as eienskappe dus wat Hy alleen gedurende sy omwandeling op aarde betoon het. Selfs die kruis van Christus word merendeels gerelativeer tot 'n voorbeeld van selfversaking en selfopoffering.

Die boekie adem 'n antroposentriese en moralistiese gees en is nie gevrywaar van perfeksionistiese tendense nie.

S.C.W.D.

* * *

Dr. H. M. Matter: **De Toekomst van Israel in het Licht van het Nieuwe Testament**; Bosch & Keuning N.V.-Baarn; 1953; 191 bll.; 5.40 gulden.

Wanneer gehandel word oor die toekoms van Israel in die lig van die Nuwe Testament, kom ons al dadelik voor Romeine 11 te staan—'n moeilike hoofstuk, nie alleen vir diegene wat vir die Jode geen aparte toekoms verwag nie, maar ook vir diegene wat wel so iets verwag. Inderdaad blyk die moeilikhede vir die laastes aanmerklik groter te wees. „Hele Israel" (Rom. 11: 26) moet dan inhou dat elke Israeliet, hoof vir hoof, ook die wat deur die eeue in hulle ongeloof gesterf het, sal gered word. Wie sal so 'n konsekwensie aandurf? Tog is daar sulke konsekwente Chiliaste, maar hulle is uitsondering. Óf, dit moet sien net op die laaste geslag van Israel, dus net een generasie van die „hele" Israel. Maar dan is ons af van die letter wat die hele Israel betref. 'n Herinnering dat selfs Chiliaste moet rekening hou met taal- en redefigure in die Skrif. Dan is die verklaring wat die skrywer hier gee nader aan die letter: Nie „geestelik Israel", die kerk, nie maar letterlik Israel in sy groot geheel. 'n Verwysing hier na uitsprake dat deur die val van Jerusalem die Jode in massa tot bekering gekom het (Grotius) en dat Palestina met sy sterk Joodse bevolking onder die Bisantynse

Christenkeisers prakties geheel tot die Christendom oorgegaan het (Goodman, A History of the Jews) en die feit dat na 1900 jaar die Jodendom slegs verdriedubbel het, maak die verklaring van die skrywer, dat ons hier met vervulde profesie te doen het sinvol. Die verklaring voeg in die verband en maak die skynbaar ingewikkelde hoofstuk eenvoudig, 'n goeie toets vir goeie eksegese. As verder gelet word op die woordjie „so" (vs. 26) wat nie gelees moet woord asof dit „daarna" beteken nie, en daarop dat „ingegaan het" vertaal moet word „sal ingaan", dat naas die „volheid" van Israel (vs. 12) sprake is van „vo-heid" van die heidene (vs. 25) en dat in vs. 15 nie sprake is van die lewe uit die dode nie, dan word Rom. 11 'n heel moelike hoofstuk vir 'n aparte toekoms vir Israel. As die skrywer tot die konklusie kom dat hier nie so iets geleer word as 'n toekomstige terugkeer en 'n omvattende bekering van Israel buite die evangelie om nie, dan berus dit op gesonde en grondige Skrifverklaring. Die gevolgtrekkinge word versterk as in 'n aparte hoofstuk voorbeelde van Chiliastiese eksegese gegee word. Ons bevind ons hier in 'n ander eksegetiese klimaat: gekonstrueerde verbande om 'n aparte toekoms vir Israel by Jesus te vind, willekeurige en gewronge verklarings, wat 'n teks selfs die teenoorgestelde laat sê. In Matt. 21: 19 word bv. gelees dat Israel eschatologies weer sal bloei (Günther Dehn). In Gal. 4: 26 dat Christendom en Jodendom onder een familiedak tuis hoort in 'n verband waar Paulus sê dat die seun van die diensbare nie sal erf met die van die vrye nie. Moskou (Meseg) en Tobolsk (Tubal) word gevind in Openb. 20: 8 via Esegiël 38. Dit is maar enkele voorbeelde. Ons het hier 'n ander soort eksegese.

Nie alleen is daar nêrens sprake van so 'n besondere toekomsverwagting vir Israel nie, die N. Test. weerspreek dit uitdruklik, bv. Joh. 8. 24, selfs by Paulus, 1 Thess. 2: 14-18. Die N. Test. bly egter nie by die negatiewe nie. . Dit sê ook hoe dit wel is: Die Kerk het in die plek van Israel getree. Dit is die positiewe antwoord van die Nuwe Testament op die probleem „Israel". Daarin dat die skrywer dit op so duidelike en grondige wyse na vore gebring het as die eenstemmige getuienis van die Nuwe Testament ook by skrywers wat selde of ooit in die diskussie betrek word soos Jacobus en Petrus, sien ons veral die betekenis van hierdie werk. Dit is 'n waardevolle bydrae tot die openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament.

Die skrywer toon nie alleen aan wat die Nuwe Testament leer nie, maar ook waar dit in hierdie probleem eintlik om gaan, naamlik om die kern van die evangelie. Inderdaad is Israel vandag nog 'n toetssteen vir die Kerk, maar dan is dit wat betref sy houding ten opsigte van die „ander" evangelie waarteen Paulus in sy brief aan die Galate met krag optree. Die vraag wat hier by ons opkom is of die Chiliasme self nie ook gesien moet word as 'n teken van die tyd nie, in sover dit 'n brug wil bou tussen Jodendom en Christendom. Opmerklik is in ieder geval die weerklank wat dit vind, nie alleen wat betref die eensydige eschatologie nie, maar ook wat betref die plek van Israel in die toekoms, van Barthiaanse kant. Die waarheid bestaan hier immers in die vorm van teëspraak.

Die vraag moet gestel word of die skrywer nie hier en daar te veel wou bewys nie. Wat die kontinuiteit van Israel betref, wat die skrywer in twyfel

trek, meen ek, is die werklikheid sterker as die logika. Dat een volk nie vir 'n ander tot roede kan wees nie is ook te veel gesê. Die Skrif en die geskiedenis leer anders. As die Skrif nie ruimte laat vir aparte behoeftes vir Israel buite Christus om nie en 'n aparte plek in die kerk nie, wil dit nie sê dat „vleeslike" Israel nie nog 'n taak het nie al is dit 'n onheilspellende. Dat daar nooit twaalf apostels was nie, is ook te veel gesê. Judas was 'n apostel. Die opmerkinge waar nog een en ander aan toegevoeg kan word, doen nie af aan die waardering nie. Dit is 'n boek op sy tyd. In betreklik korte bestek word hier veel gebied. Dit is deur die drukkers goed versorg.

W.J.S.

* * *

J. C. van Tonder, B.Sc., B.Ed., M.Ed.: **Die invloed van verbeterde leermetodes op die denkprestasies van Std. VIII-leerlinge in wiskunde.** Nr. 6 in reeks Opvoedkundige studies uitgegee deur die Werksgemeenskap ter bevordering van die pedagogiek as wetenskap, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Pretoria, 76 bll.; 5/-.

Die Universiteit van die Witwatersrand het in 1948 'n verslag die lig laat sien, waarin gemeld is dat die eerstejaar-studente nie soseer te kort skiet aan kennis in die vakke wat hulle bestudeer het nie (sommige wel), maar dat hulle nie die vermoë het om selfstandig voort te gaan met die insameling van kennis en die toepassing van wat hulle reeds verwerf het nie Dit is 'n algemene klagte van die universiteite dat die hoërskole nie hulle leerlinge leer dink nie. Daarom is dit besonder verblydend dat ons hier 'n M.Ed.-verhandeling het wat getuig van 'n poging om metodes te ontwerp om die denkprestasies van leerlinge te bevorder. Histories gesien, laat 'n Meestersgraad in die Opvoedkunde reg geskied aan sy benaming, indien dit gebaseer is op werk wat didakties van aard is en bevorderlik vir die metodiek van die onderwys.

Die skrywer voeg hom by die Amsterdamse skool van Kohnstamm om te bepaal watter waarde die bevindinge van die Würzburgse denkpsigologiese skool van Oswald Külpe, soos voortgesit deur Selz en Hermann, vir die opvoedkunde kan hê.

Alhoewel 14-jarige kinders die vermoë behoort te besit om abstrak te dink, tref ons by sommige 'n volslae onvermoë aan om logies te redeneer. Daarby het sommige leerlinge 'n skerp vooroordeel teen Wiskunde as vak. Die skrywer probeer nou om die Wiskunde-onderwyser behulpsaam te wees, en bepaal eksperimenteel dat die uitlegging van oplossingsmetodes deur die **leergesprek** uiters doeltreffend is om die denkprestasies in beide algebra en meetkunde te verhoog. Hy stel vas dat die prestasies van die swakker groepe tot byna gelyke hoogte met die van die meer begaafde groepe gevoer kan word deur die toepassing van beter metodes. In die meetkunde bly daar nog uitsonderlike gevalle van leerlinge oor wat tog nie die insig kan kry om nuwe probleme op te los nie.

Die doelstelling van hierdie eksperiment het dit vir mnr. Van Tonder onnodig gemaak om 'n massa-eksperiment, volgens Amerikaanse model, te loods. Hy het gebruik gemaak van 4 Std. VIII-klasse in dieselfde skool. Die een klas het drie leergesprekke gehad, die ander twee, die derde een en

die vierde klas, wat as kontrolegroep gebruik is, geen.

Aangesien aan leerlinge geen bindende voorskrifte hoe om hulle abstrakte denke te beoefen, kan en mag gegee word nie, neem die proefleier sowel as die leerlinge self aan die leergesprekke deel. So hoor die swakker leerlinge hoe hulle knapper maats te werk gaan, en dit help hulle om vir hulself beter leermetodes te ontwikkel.

In die eerste 23 bladsye van hierdie publikasie vind ons die probleemstelling, sowel as 'n baie leersame opsomming van die moderne denkpsigologiese beskouinge en die didaktiese interpretasies daarvan, terwyl die orige 50-tal bladsye ons iets nuuts lewer: die leergesprek. In die literatuurlys kom 31 werke voor. Hierdie lys kon aanmerklik uitgebrei gewees het. Belangrike werke soos J. Dewey se "How we think" en M. Wertheimer se "Productive Thinking" kom nie daarin voor nie—ook nie Sir T. Percy Nunn se "Teaching of Algebra (including Trigonometry)" nie. Die skrywer het hom blykbaar met opset by die Vasteland van Europa bepaal en net van die Engelse en Amerikaanse statistiek gebruik gemaak.

Dit neem nie weg dat mnr. Van Tonder 'n baie welkome nuwe klank laat hoor het nie. . Ons wil die betrokke Werksgemeenskap gelukwens met hulle inisiatief om hierdie verhandeling in so 'n aantreklike (alhoewel verkorte) vorm te publiseer.

Alle wiskunde-onderwysers nie alleen nie, maar almal wat geïnteresseerd is in die vraagstuk hoe om 'n leerling te leer dink en te leer leer, behoort hierdie werk aan te skaf.

A. J. VAN ROOY,
Melvillelaan 56, Ontdekkers.

Ds. A. A. Louw: **Die Môrester in Mashonaland**; Die C.S.V.-maatskappy; bll. 190; 10/8.

Ons volk het al baie helde opgelewer en die name van pres. Kruger, gen. de Wet en ander is tot ver oor ons landsgrense bekend. Hulle is militêre en staatkundige helde wat van groot betekenis was in die lewe van 'n klein volkie. Maar daar is ook nog ander helde en hul name word soms vergeet of van hulle word nie soveel gehoor nie. Hulle is die kerklike geloofshelde en een van die grootstes onder hulle is seker ds. A. A. Louw, die baanbrekersendeling van Suid-Rhodesië, wat o.a die bekende sendingstasie Morgenster aangelê het en vanaf 1891 vir meer as sestig jaar hier gearbei het. 'n Geseënde en vrugbare lewe wat getuig van heldemoed, selfopoffering, taaie volharding en kinderlike geloof.

In hierdie boek word een en ander vertel van die werk van hierdie baanbreker. Dit is 'n vertaling en verwerking deur mev. W. C. Malan, 'n skoondogter van ds. Louw, van 'n werk wat ds. Louw self in 1917 in Nederlands geskryf het, met 'n aanvullende hoofstuk oor die verdere verloop van die sendingwerk tot 1953.

Ons kry in hierdie werk 'n goeie insig in die moeilike omstandighede waaronder die werk begin en voortgesit is en ook word een en ander vertel van die gewoontes en taal van die naturelle van daardie wêreld.

Dit is geskryf in eenvoudige, ongekunstelde taal, dit lees gemaklik en is verstaanbaar vir selfs klein kinders. Net jammer van die enkele steurende drukfoute. So hier en daar 'n effense metodistiese inslag maar deurgaans die taal van 'n kinderlike, beskeie en nederige gelowige, 'n dienskneg van die Here.

H. DU PLESSIS.

George L. Robinson: **The Book of Isaiah**; Baker Book House, Grand Rapids, Michigan; 175 bll.; 2 dollars 50 cent.

Dit is 'n handige boekie as 'n mens in kort bestek 'n oorsig oor die profesieë van Jesaja wil hê. Die skrywer is professor aan die Presbiteriaanse Teologiese Seminarie te Chicago. Die werk het reeds in 1910 verskyn, maar word nou weer deur die firma Baker uitgegee, blykbaar onveranderd, behalwe wat betref 'n kort woord oor die Jesajarol wat by die handskrifte van die Dooie See gevind is.

Die standpunt van die skrywer is behoudend. Hy is onder meer absoluut oortuig van die eenheid van die profesie van Jesaja. Ons vind dit net jammer dat die nuwere gegewens nie bygewerk is nie. Graag aanbeveel as 'n handige kompendium.

S.d.T.

* * *

**101 Select Sermon Outlines** deur Vaughan, Exell, Spurgeon, Robinson en andere; uitgegee deur Baker Book House, Grand Rapids 6, Michigan; 1953; bll. 95; 1 dollar 75.

Dit is 'n deeltjie in die **Minister's Handbook Series** wat deur dieselfde uitgewers op die boekemark gebring word en waarvan daar nou reeds 6 deeltjies verskyn het. Die doel van die werkie word in die voorwoord van die uitgewers vermeld, nl. om daardeur toegang te verkry tot die geestelike skat wat die voormelde groot predikers nagelaat het. Dit is inderdaad slegs "outlines" want oor elke teks wat behandel word, is dit slegs die skets wat die gedagtes van die prediker bevat, wat weergegee is. Wie die soort werke reg gebruik en daardeur hoogstens geprikkel word om die verskillende tekste in studie te neem, kan daardeur waardevolle wenke bekom; maar ongelukkig kan die soort werke ook misbruik word deurdat die sketse net so oorgeneem word, en dit maak die beoordeling van die soort boeke so besonder moeilik. Daar kom beslis baie mooi gedagtes in voor, maar verskillende sketse is niks besonders nie. Vir diegene wat belangstel in hierdie soort werke om hulle reg te gebruik, kan die boekie aanbeveel word as 'n verryking van die gees.

Die boekie maak 'n netjiese indruk omdat dit so'n handige formaat het en so besonder netjies gedruk en afgewerk is. Die uitgewers moet daarvoor beslis lof ontvang.

J. P. JOOSTE.

* * *

B. A. Grobler: **Koëdukasie, die Vraagstuk van Afsonderlike of Gemengde Middelbare Skole vir Seuns en Meisies**; uitgegee onder „Opvoedkundige Studies" van die Universiteit Preto ria; Jaargang II, Nr. 7, Augustus 1954; 108 bll.; 8/6.

Met hierdie verhandeling het die skrywer die M.Ed.-graad aan die Universiteit Pretoria verwerf.

In ooreenstemming met die doelstelling, soos geformuleer op bl. 9 en 10, het die skrywer agtereenvolgens die historiese ontwikkeling van die gemengde en aparte seuns- en meisieskole veral in Engeland en in die V.S.A. en die toestand in Suid-Afrika (histories tot op datum) nagegaan, en dan ten slotte die vraagstuk opvoedkundig krities beoordeel.

Die besondere resultaat waartoe die skrywer kom uit sy historiese navor-

sing is „. . . dat nòg die praktyk van afsonderlike skole vir seuns en meisies nòg die praktyk van gemengde skole oorspronklik as gevolg van 'n opvoedings- en onderwysteorie ontstaan het." (bl. 80). Eers nadat altwee hierdie praktyke bestaan het, is regverdiging vir die een of die ander stelsel op teoreties opvoedkundige gronde gesoek. By die bestudering van die opvoedkundige aspekte van die probleem kom hy tot die slotsom dat koëdukasie verkieslik bo aparte skole is. Daarna gee hy praktiese wenke vir 'n Afrikaanse beleid in hierdie verband.

Die skrywer toon hom in hierdie studie 'n grondige ondersoeker op historiese sowel as opvoedkundige terrein. Hy stel sy saak objektief en laat wat die swaarste blyk die swaarste weeg.

Ondergetekende wil „Opvoedkundige Studies" gelukwens met hierdie publikasie veral daar dit om 'n vraagstuk gaan wat tans in ons snel ontwikkelde 'and steeds aktueler word. Daar moet steeds meer voorsiening vir middelbare onderwys gemaak word, en daarom kan hierdie werk goeie leiding verskaf. Die historiese verloop van die praktyk saam met die opvattinge van moderne opvoedkundiges is hierin in 'n taal gestel wat vir alle belanghebbendes by die opvoeding en onderwys van die adolessensie—onderwysowerhede, plaaslike beheerrade, ouers, onderwysers, opvoedkundiges—klaar en helder spreek.

H. J. J. BINGLE.